

Lees 'n storie

Naam:

Lees die volgende storie en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Jaloers is 'n ding wat stories maak.

Bennie was baie hardwerkend en fluks. Sy lui buurman, Jan, was baie jaloers op hom en het begin om leuens oor Bennie te versprei. Die mense het begin om Jan se stories te glo en niemand wou meer met Bennie vriende wees nie. Bennie het vinnig uitgevind wie die stories oor hom versprei. Hy het Jan gekonfronteer en Jan het hand en mond belowe dat dit nie weer sou gebeur nie. Jan wou by Bennie hoor wat hy kan doen om te vergoed vir sy leuens. Bennie vra toe vir Jan om vir hom drie groot sakke swart vere te bring. Dit het Jan baie lank geneem om die drie sakke vere bymekaar te maak. Op 'n winderige dag bring hy uiteindelik die vere vir Bennie.

Toe hy die drie sakke swart vere vir Bennie gee, maak Bennie die sakke oop en strooi die vere in die wind. Die wind waai die vere die hele wêreld vol. Jan is sommer vies: "Bennie, weet jy hoe lank dit geneem het om die vere bymekaar te maak? Nou gooi jy dit sommer so uit!" Toe sê Bennie vir hom: "Jan, dink jy dat jy al die swart vere weer bymekaar sal kan maak?" Jan skud net sy kop en sê: "Dit is onmoontlik. Die wind het dit mos weggewai. Toe antwoord Bennie: "Die swart vere is soos 'n skinderstorie, Jan. As jy 'n skinderstorie versprei, versprei dit die wêreld in. Jy kan dit nie ongedaan maak nie en onskuldige mense word dan benadeel. Mense sit stertjies aan en niks kan dit weer herstel nie." Jan was baie skaam en het nooit weer oor ander mense skinderstories versprei nie.

Onthou volgende keer wanneer jy 'n sappige skinderstorie van iemand hoor: Moenie swart vere in die wind versprei nie!



Beantwoord die volgende vrae

1. Wat dink jy beteken die opskrif van hierdie storie?

2. Wat is die teenoorgestelde van hardwerkend en fluks?

3. Wat moes Jan vir Bennie bymekaar maak om te vergoed vir die stories wat hy oor Bennie versprei het?

4. Watter les het Bennie vir Jan geleer?

5. Wat moet jy onthou as jy weer n skinderstorie van iemand hoor?

Nuwe woorde

niemand	hardwerkend	buurman	jaloers
skinder	allerhande	stertjies	gebeur
jammer	belowe	vergoed	winderig
uiteindelik	sommer	onmoontlik	bymekaar
sukkel	vernietig	sappige	skinderstories

Skryf die woorde in lettergrepe oor:
